| Verslagwaardig: | JA / NEE |
|---|---|
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE NOORD-KAAP HOË HOF, KIMBERLEY

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA & R 15 / 2012** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **28 / 05 / 2012** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **08 / 06 / 2012** |

In die saak tussen:

**GERHARD STEPHANUS NEL** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

*Coram:* Lacock, R *et* Williams, R

## UITSPRAAK OP APPÈL

**Lacock, R**

1] Die appellant is in die Streekhof, Kathu, skuldig bevind aan verkragting deurdat hy na bewering vleeslike gemeenskap met ene Mafura teen sy wil gehad het, en is hy daarna gevonnis tot 10 jaar gevangenisstraf waarvan 2 jaar voorwaardelik opgeskort is. Hy kom nou in hoër beroep teen sowel sy skuldigbevinding en vonnis.

2] Dit was deurgaans gemeensaak dat die appellant op die plek en datum soos in die klagstaat beweer vleeslike gemeenskap met die klaer, 'n meerderjarige getroude man, per anus

gehad het. Die appellant het egter beweer dat gemeenskap met toestemming van die klaer geskied het. Die enigste vraag dus wat voor die verhoorhof gedien het en wat hierin ter sake is, is naamlik of die klaer toegestem het tot gemeenskap al dan nie.

3] Die klaer het getuig dat hy en die appellant vriende was, en dat hy en ook 'n derde persoon die tersaaklike aand by die appellant gekuier het waar hulle sterk drank gedrink het en die appellant vir hulle voedsel voorberei het. Op 'n stadium het die appellant aan hom 'n "dop" gegee wat hy gedrink het, en daarna het hy sy bewussyn verloor. Toe hy weer wakker word het hy homself op die bed van die appellant bevind en besef laasgenoemde is besig om met hom van agter gemeenskap te hou. Hy het onmiddellik die appellant gevra wat hy doen en het die appellant dan ook sy amoreuse bedrywigheid gestaak. By sy huis gekom, het die klaer die onaangename gebeure aan sy vrou vertel.

4] Die appellant vertel 'n ander verhaal. Hy beweer dat nadat die derde kuiergas weg is, het die klaer te kenne gegee dat hy wou oorslaap, en is hulle kamer toe waar hy met die instemming van die klaer gemeenskap met hom gehou het. In kruisverhoor beweer hy toe dat die klaer daarna ook met hom gemeenskap gehou het. Hierdie weergawe is nóg in sy pleitverduideliking nóg in sy getuienis in hoof voorgehou. Die klaer is ook nooit met hierdie weergawe gekonfronteer

nie.

5] Adv Schreuder namens die appellant het aangevoer dat die landdros verkeerdelik die weergawe van die appellant as nie redelik moontlik waar verwerp het. Voorts het hy kritiek teen die klaer se getuienis uitgespreek omdat dié eers vier dae ná die voorval dit aan die polisie rapporteer het. Na my mening is hierdie argumente sonder enige meriete.

5.1 Die appellant was ooglopend berekend leuenagtig in sy getuienis dat die klaer ook met hom gemeenskap sou gehad het, en is hierdie getuienis met reg as vals verwerp. Op waarskynlikhede strook die gedrag van die klaer ná die voorval geensins met die weergawe van die appellant nie. Indien die klaer toegestem het tot gemeenskap en self ook gemeenskap met die appellant gehad het, is dit hoogs onwaarskynlik dat hy sy eggenote daarvan sou vertel, dit met 'n maatskaplike werker en selfs sy kerkleiers sou bespreek, en ook 'n kriminele klagte sou lê by die polisie.

5.2 Wat betref sy gesloer om die aangeleentheid by die polisie aan te meld, is dit ooglopend uit sy getuienis dat hy ernstig gewroeg het met die trauma wat die gebeure op hom gelaat het. Aan die een kant wou hy nie sy vriend benadeel het nie, maar aan die anderkant was hy nie gelukkig met wat hom aangedoen was nie. Vandaar sy heeltemal verstaanbare optrede om eers

klarigheid in sy gemoed te kry deur die gebeure met ‛n maatskaplike werker en gemeenskapsleiers te bespreek voordat hy finaal oorgegaan het om ‛n klag te gaan lê.

6] Mnr Schreuder het ook aangevoer dat die landdros versuim het om oorweging te gee aan die moontlikheid dat die klaer die appellant wou afpers om geld aan hom te gee en vir daardie rede die klag gaan lê het. Uit die getuienis van die klaer blyk dit egter dat hy die betaling van ‛n geldbedrag eerder beskou het as ‛n vorm van genoegdoening wat – soos hy geredeneer het – óf deur die Staat (die polisie) óf die appellant betaal moes gewees het. As hy die appellant wou afdreig is dit tog sinneloos om te dink dat, as die appellant hom nie betaal nie, die polisie hom kon betaal het.

7] Vervolgens meen ek dat die landdros tereg bevind het dat die Staat bo redelike twyfel die skuld van die appellant bewys het, en moet die appèl teen skuldigbevinding afgewys word.

8] Wat vonnis aanbetref, het die landdros na my mening meerdere mistastings begaan.

8.1 Eerstens kom dit voor dat die uiters gunstige persoonlike omstandighede van die appellant onderbeklemtoon, alternatiewelik nie voldoende in ag geneem is nie.

8.2 Tweedens meen ek dat die landdros misgetas het deur die voorkoms van verkragting tussen mans gelyk te stel aan die veelvuldige voorkoms van verkragting van 'n man op 'n vrou, en hierdie laasgenoemde stygende tendens as strafverswarend teen die appellant in ag te neem.

8.3 Derdens is die afwesigheid van geweld en die feit dat die appellant sy optrede onmiddellik gestaak het toe die klaer wakker word, nie in die vonnis verstalt nie.

9] Die vonnis die appellant opgelê kom my ook skokkend swaar en onvanpas voor. Indien ek die appellant in die eerste plek sou vonnis, sou ek nie direkte gevangenisstraf opgelê het nie. Dit kom my voor dat hierdie 'n tipiese geval is waar 'n korrektiewe straf oorweeg moes gewees het. Aangesien dit nie oorweeg is nie, is geen korrektiewe verslag aangevra nie. In die lig hiervan meen ek dat die saak na die landdros terug verwys behoort te word vir die heroorweging van 'n gepaste vonnis en met in agneming van wat hierin gesê is.

10] Bygevolg word die volgende bevel hierin verleen:

1. **DIE APPÈL TEEN SKULDIGBEVINDING WORD AFGEWYS.**

2. **DIE APPÈL TEEN DIE VONNIS DIE APPELLANT OPGELÊ WORD GEHANDHAAF, EN DIE VONNIS DIE APPELLANT OPGELê WORD TER SYDE GESTEL.**

3. **DIE SAAK WORD TERUGVERWYS NA DIE HOF *A QUO* VIR HEROORWEGING VAN VONNIS.**

__________________

Lacock, R
**REGTER**

Ek stem saam.

__________________________

Williams, R
**REGTER**

| | |
|---|---|
| **Namens Appellant:** | Adv. JJ Schreuder i.o.v die Regshulpraad |
| **Namens Respondent:** | Adv. CG Jansen i.o.v die Direkteur van Openbare Vervolgings |